Vakante permanente pos: Dosent
Modules: Rekeningkunde en Besigheidstudies
Sluitingsdatum: 27 Oktober 2020
Aanstellingsdatum: 11 Januarie 2021
Verwysings: Dosent REK&BS/2021

Aros is 'n Christelike privaat tersiêre instelling en sy kampus is in Waverley te Pretoria geleë. Aros is op 'n reformatoriese grondslag gebou en lei al vir meer as 'n dekade studente vir die onderwys op. Aros is in 2012 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer en is geakkrediteer by die Raad op Hoër Onderwys. Die instelling beskik oor 'n personeelkorps van ongeveer 90, bied tans opleiding aan ongeveer 1 300 studente en het oor die afgelope drie jaar reeds ongeveer 400 gegradueerdes afgelewer.

Aros se visie is om as uitnemende en Christelike universiteit met die Bybel as grondslag die samelewing tot eer van God te vernuwe. Teen hierdie agtergrond nooi ons hoogs gemotiveerde en akademiese persone, wat glo in Christelike onderwys en geroepe voel tot die taak, om aansoek om die betrekking as dosent te doen. Vir meer inligting oor Aros besoek gerus ons webwerf by http://www.aros.ac.za/Web

Kwalifikasie:

- Minimum: toepaslike honneursgraad
- Aanbeveel: toepaslike meestersgraad en/of 'n PhD

Werkservaring:

- Onderrigervaring in Rekeningkunde en Besigheidstudies
- Ervaring in die metodiek van Rekeningkunde-/Besigheidstudiesonderrig sal 'n aanbeveling wees.
- Bewese navorsingservaring sal voordelig wees (bv. publikasies, nagraadse skripsies, verhandelinge, navorsingsverslae vir organisasies).

Ander vereistes

- Geïntegreerde reformatories-Christelike wêreldbeskouing en lewenspraktyk
- Laasgenoemde sluit 'n uitgesproke verbintenis tot Christelike wetenskapsbeoefening in.
- Vermoë om kwaliteit onderrig aan studente te gee
- Goeie menseverhoudings en interpersoonlike vaardighede
- Administratiewe vaardighede
- Noukeurige en akkurate uitsette
- Goeie tydbestuur
- Vermoë om optimaal onder druk te kan funksioneer
- Vermoë om onafhanklik te kan werk
- Rekenaargeletterdheid in *MS-Office* en bogemiddelde vaardighede in *PowerPoint*

- Rekenaargeletterdheid in ‘n *LMS*-stelsel soos bv. *Moodle* sal voordelig wees

Uiteensetting van verpligtinge:

- Dosering van Rekeningkunde en Besigheidstudiesmodules op Dinsdae, Woensdae, Vrydae en Saterdae, soos per rooster.
- Akademiese administrasie van take rakende module, insluitende die opstel en merk van vraestelle en memorandums, die hou van punte en hantering van studentenavrae, asook leermateriaal- en studiegidsontwikkeling.
- Begeleiding van studente en hantering van studentenavrae.
- Aanbied van ander modules indien operasioneel vereis.
- Aanlyn onderrig indien operasioneel vereis.

Verpligtinge is nie beperk tot bovermelde nie.

Vakansieverlof:

- 35 dae per jaar. Dit sluit die tydperk tussen Kersfees en Nuwejaar uit.

Aansoekprosedure:

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen en u CV in **Afrikaans** tesame met die “**Aansoek om ’n betrekking”-vorm** na renate.murray@aros.ac.za e-pos. Die vorm is beskikbaar op ons webtuiste www.aros.ac.za/WebItem?listId=41

- Ongelukkig aanvaar ons geen aansoeke sonder die “Aansoek om ’n betrekking”-vorm nie.
- Indien u nie voor **30 November 2020** enige terugvoer van Aros ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.
- Aros behou die reg voor om nie ’n aanstelling in die pos, soos geadverteer, te maak nie.